Laerskool Queenswood

Omsendbrief 34/2
26 Oktober 2011

Geagte Ouers en Voogde

Punte van belang:

Ouer Begrotingsvergadering

Sun City

Merietefunksie

Sokkie

Inry

Gesondheidswenk

Kersmark

Atletiekoefening

OUER BEGROTINGSVERGADERING:

Tydens die vergadering wat op 25 Oktober 2011 gehou is, is die volgende besluit geneem.

Skoolgeld vir 2012 beloop R6,930.00 per leerder per jaar.

Betalingsopsies:

1. 'n Eenmalige betaling van R6,930.00 teen 31 Januarie 2012.
2. Eerste betaling van R630.00 betaalbaar teen 7 Januarie 2012 en verdere maandelikse betalings van R630.00 vanaf einde Janaurie 2012 tot einde Oktober 2012.

SUN CITY:

Ons vra of daar enige ouer is wat ons dalk kan help!

Ons benodig nog een of twee kombi's om leerders op 4 November 2011 na Sun City en terug te vervoer.

MERIETEFUNKSIE:

Die Akademie- en sport merietefunksie vind op 2 November 2011 plaas. Alle leerders ontvang 'n sertifikaat. Die graad een tot drie leerders se funksie is om 8:00. Die graad vier tot sewe leerders ontvang hulle sertifikate om 19:00. Daar sal vanaf 18:00 "hot dogs" in die snoepie @ R6.00 verkoop word.

SOKKIE:

Die laaste sokkie vir 2011 word op 11 November 2011 tussen 18:00 en 20:30 gehou. Toegang is R35.00 wat 'n "Hot dog", koeldrank en roomys insluit. Kom betaal solank by juffrou Ludick. Toegangskaartjies word Donderdag, 10 November uitgedeel! Moet dit nie mis nie! Kom ontspan die oulaas voor die EKSAMEN begin!

INRY:

Vrydag, 4 November 2011, hou ons inry by Laerskool Queenswood op die grasperk voor die klubhuis. Die "Smufs" gaan vertoon word. Meer inligting is op aangehegte bladsy.

GESONDHEIDSWENK - SUIKER:

Suiker wat natuurlik voorkom in kos soos vrugte en groente, het 'n belangrike plek in enige persoon se dieet. Die gevaar van suiker lê in sy verwerkte vorm. Meeste mense dink dat hulle "min" suiker inneem as hulle net een lepel suiker in koffie of tee drink, MAAR, gewoonlik word ons nie ingelig oor al die versteekte of ***bygevoegde*** suikers in geprosesseerde produkte nie soos: alle koekies, sout happies(bv: crackers), meeste souse, ontbyt pappe en natuurlik alle lekkers, sjokolade en roomys (uitsluitend suiker-vrye produkte). Ons word suiker "gevoer" sonder dat ons dit weet. Volgende week gee ek raad hoe om suiker inname te verlaag maar nogsteeds jouself te "treat". *NutriRoots*, Marelie Winterbach, Voedingsadviseur/Nutritional Advisor, 083-360 4449 /012-333 7351.

KERSMARK:

Magaliesskool hou vanaf Saterdag 29 Oktober tot Saterdag 5 November 2011 (uitsluitend Sondag 30 Oktober) 'n Kersmark. Die Kersmark word op die skoolterrein gehou wat in 21ste laan 717, Rietfontein, geleë is. Verkope is tussen 09:00 en 19:00. Op die Saterdae sal daar verkope vanaf 09:00 tot 16:00 wees. Met die Kersmark word hartswerkgeskenke wat liefdevol met die hand en hart deur die leerders gemaak is, te koop aangebied.

ATLETIEKOEFENING:

Daar gaan Maandae tot Donderdae, vanaf half twee tot kwart oor twee oefening wees vir alle langafstand-atlete. Dit is alle leerders wat eerste, tweede of derde gekom het in die 600, 800 en 1200m tydens die Q'wietspele. Daar sal Dinsdae en Donderdae oefening wees vir naellope: 80, 100, 150 en 200 atlete vanaf half twee tot kwart oor twee.

STUDIEMETODES:

Daar word vir graad 3 leerders 'n ouer-en-kind voorbereidingskursus deur mej. D. Willemse op Donderdag, 17 November 2011, om 18:00 in die personeelkamer aangebied. 'n Studiemetodekursus vir graad 4 tot 7 leerders word op 7 November 2011, na skool, in mej. Willemse se klas aangebied. Koste beloop R200.00 vir ouer-en-kind kursus sowel as senior leerder kursus. Elke ouer en leerder ontvang ook 'n volledige inligtingspakket saam met die kursus.

EKSAMENAFBAKENING:

Alle senior leerders het op 31 Oktober 2011 hulle eksamenafbakening ontvang om hulle voor te berei vir die eksamen.

Vriendelike groete

…….....

R. LUDICK

PRINSIPAAL

Punte van belang:

Studiemetodes

Eksamenafbakening